

Nomades Nuusbrief

Einde Mei 2012

Goiedag alle Nomades.

Hierdie was een van stil maande waar daar nie 'n stap was nie, goed. Drakensberg het darem net-net ook in Mei ingeval maar dit is so lank gelede dat ek in elk geval al reeds weer aan ontrekkingsimptome begin lei omdat ek te lank laas gestap het.

Persoonlik was ek darem Hel toe en terug. Oor die Swartbergpas en in Gamkaskloof in. Iets wat julle gerus moet doen eendag. Fantastiese bergpasse en asemrowende uitsigte op ongeskonde natuur.

Wat ek wel dan nou vir julle bied is net weer 'n opdatering op die klub se finansies. In Mei maand het ons heelwat staproetes solank betaal.

Nomades Finansies	Desember 2011 tot op 2012/05/30							
	Des 2011	Jan 2012	Feb 2012	Maa 2012	Apr 2012	Mei 2012	Jun 2012	Totaal 2012
Ledegelde	???	R 340.00	R 740.00	R 840.00	R 120.00	R 1,080.00		R 3,120.00
Roetegelde	???	R 2,200.00	R 10,990.00	R 14,270.00	R 1,280.00	R 5,928.00		R 34,668.00
Rente	R 0.00	R 0.00	R 0.00	R 3.91	R 7.24	R 4.99		R 16.14
Ander								R 0.00
Inkomste :	R 0.00	R 2,540.00	R 11,730.00	R 15,113.91	R 1,407.24	R 7,012.99	R 0.00	R 37,804.14
Roetes	???	???	???	R 22,120.00	R 2,590.00	R 7,395.00		R 32,105.00
Besprekingsfooie	???	???	???	R 110.00	R 55.00	R 110.00		R 275.00
Klubaande(Bib)		R 80.00	R 80.00	R 80.00	R 80.00			R 320.00
Verversings	???	???	???	R 0.00	R 0.00			R 0.00
BankFooie	R 65.64	R 60.50	R 102.75	R 246.76	R 31.65	R 52.15		R 493.81
Webtuiste		???	???	R 0.00	R 0.00	R 221.16		R 221.16
Admin		R 250.00	???	R 0.00	R 0.00			R 250.00
Uitgawes :	R 65.64	R 390.50	R 182.75	R 22,556.76	R 2,756.65	R 7,778.31	R 0.00	R 33,664.97
Inkomste – Uitg	R-65.64	R 2,149.50	R 11,547.25	R-7,442.85	R-1,349.41	R-765.32	R 0.00	R 4,139.17
Banksaldo(ABSA)	R 43,347.00	R 45,887.00	R 57,617.00			R 0.00		
Banksaldo (STB)			R 500.00	R 7,726.31	R 8,257.28	R 7,492.61		
		Klipkraal	Bermanzi	Cycad=2400	Stamv=1320	Strl=3600		
				AmpB=11740	AmpB=900	Stav=1485		
				SuiBF=835	SuiR=355	QueRo=510		
				StrandL=7200		Baldl=800		
						Mosam=1000		

Vir **Stamvrug** naby Warmbad van 15-17 Junie is die finale R1485 oorbetal. Die koste beloop R176 per lid per naweek. Ons trek nou by rondom 17 persone waarvan waarskynlik 6 sal rugsak stap. Volgens my rekords het sowat 13 persone al betaal. Dit is 'n Basiskamp en Rugsak stap 13 & 7 km.

Julie stap ons **Suikerboshfontein** naby Carolina. Ons het die roete vasgemaak by Jacana en al in Maartmaand die deposito vir 6 stappers voorlopig betaal. Rugsak 20/7 Oom Japie, 21/7 Rooikrans 11 en 7 Km. Lede R270 vir die naweek.

Augustus stap ons **Kaapschehoop**. Wilna sorteer nog die finale reëlings daar uit en sal dit mettertyd met ons deel sodra dit vasgemaak is.

Vir **Queen Rose** in September is die deposito van R500 oorbetal vir die eerste 6 stappers. Hierdie is 'n rugsak roete. Daar is 10 ander stappers wat die fasiliteite met ons deel. Daar is nog plek op hierdie stadium vir mense om saam te gaan. Ons begin by die Makêsh hut en die koste is R170 per lid per naweek. Rugsakke kan vervoer tussen die kampe teen R40pp minimum van 4 sakke. Sien http://www.umjindi.org/pages/other/trail_hiking_queen_rose.htm of

www.footprint.co.za/queenrose.htm

Vir **Mosamane** (Ficksburg) van 19 tot 21 Oktober, 'n Basiskamp roete met 'n dagstap die Saterdag en 'n Geo-Cathing/Skattejag die Sondag het ek 'n deposito betaal van R1000 vir die Stappers. Die Stapfooi is R220 per lid vir die naweek.

Vir **Bald Ibis** (Harrismith) van 16 tot 18 November, 'n Basiskamp roete met dagsirkels die Saterdag en Sondag is R 800 deposito oorbetaal. Die koste beloop R220 per lid per naweek.

Vir die eerste groep **Strandlopers** wat 15 Desember begin stap wat noual op 7 persone staan is R3600 al oorbetaal. Die 2de groep wat op 17 Desember begin is ook reeds ten volle betaal. Die koste vir die stap is R600 per persoon wat die nag voor en na die 4-nag/5 dag stap insluit. Die roete strek vanaf Van Gonubie tot Keimond (Oos - Kaap)

JAAR-Eindfunksie Desember 2012.

As daar enige voorstelle is van waar ons 'n lekker lapa/afdak/braai/kuierplek vir 'n billike tarief kan kry, laat weet die bestuur asb. Nkwe bly 'n opsie. Rietvleidam se lapa is te duur, oor die R2000.

ROETES 2013.

Ja, dit klink baie ver, maar ons moet noual begin dink om datum vas te maak. Kom asb. met lekker voorstelle waar julle graag wil gaan loop en moontlik ander aktiwiteite soos dalk 'n dagstap elke maand. Ons wil graag van julle hoor.

Ledelys en Webtuiste.

Ons is darem nou al 26 lede.

Welkom aan Nick, Wouter, Paul & Christie, Kobie, Ester, Cornea en Jan & Corrie wat Meimaand betaal het. Dan ook net 'n punt om te onthou. Daar was 'n opmerking van 'n Oud-lid dat hy nie gemaklik is dat die hele ledelys op die Webtuiste somer so oop en sigbaar vir die hele wêreld is nie. Ek het daarom 'n Basiese kodewoord op die Ledelys ingebou. As jy enige skakel sou kies om die ledelys te sien, gaan ek vra wie ons voorsitter van die laaste paar jaar was. As jy dink dit was Koos, tik dan net die naam Koos in sonder sy van, met die 1ste letter 'n hoofletter. As jy werklik nie weet nie, stuur asb 'n E-pos aan enige bestuurslid en ons sal die kode vir jou gee as ons jou ken.

Onthou asb as julle ENIGE voorstelle of kommentaar het op die Webtuiste om dit beter/mooier/meer nuttig of meer gebruikersvriendelik te maak, laat my weet asb. Die webtuiste is daar vir almal om te gebruik en te geniet. As daar iets is waarvan julle nie hou nie, sê my ook asb, dan kan ek dit probeer verbeter.

Groete tot Dinsdagaand.

Marius Stander

Nomades Finansies en Webmeester.

083 305 6223

ms@itt.za.com

Die foto regs is van die pas af in Gamkaskloof (die Hel). Die laaste sowat 4 km daal die pad ongeveer 400 meter. In totaal vanaf die afdraai van die Gamkaskloofpas uit die Swartbergpas tot onder in die kloof is die daling oor die 1000 m.

